



FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za



UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die gr.8-kamp het die afgelope naweek by Retief Kampterrein plaasgevind en dit is met groot dankbaarheid wat ons terugkyk op 'n suksesvolle geleentheid. Die geestelike impak wat hierdie kamp maak, bly vir ons 'n prioriteit. Ons sien uit na die gr.8-konsert wat 28 Januarie in die skoolsaal gaan plaasvind.

ATLETIEK

Baie geluk aan elke atleet en dankie vir die kleure atletiekbyeenkoms. Die atlete van Hoërskool Fichardtpark het baie goeie prestasies opgelewer. Verwys gerus na die aangehegde uitslae. Baie sterkte met die Skolebeker-kompetisie wat Vrydag, 24 Januarie by die stadion aangebied word. Fichies is weer eens die gasheer skool. Ons verwelkom twee nuwe skole n.l.: Hoërskool Voortrekker van Bethlehem en Hoërskool Diamantveld van Kimberley. Die program is ook by die d6 Communicator aangeheg.

PERSONEELSAKE

Hierdie week het ons me. Liza Vermeulen gegroet. Me. Vermeulen aanvaar 'n departementele pos by Heatedale Sekondêr. Baie dankie vir u bydrae en betrokkenheid oor die tydperk wat u by Hoërskool Fichardtpark was. Alle voorspoed en geluk word u toegewens.

KRIEKET

Baie geluk aan ons eerste krieketspan wat spog met twee oorwinnings:.

Saterdag, 18 Januarie

50 beurte vs. Hoërskool Sentraal

Beste boulders: Shaun Schietekat (8 beurte vir 49, kry 4 paaltjies) en Lechandro Buys (3 beurte vir 13 lopies, kry 3 paaltjies)

Beste kolwers: Shaun Schietekat (47 lopies) en Hanco Swanepoel (44 lopies)

Hoërskool Fichardtpark wen met 10 paaltjies

Dinsdag, 21 Januarie

20 beurte vs. Grey D-span

Beste Boulders: Ryno Annandale (2 beurte vir 10 lopies, kry 2 paaltjies) en Hanco Swanepoel (4 beurte vir 16 lopies, kry 2 paaltjies)

Beste kolwers: Marcu van Jaarsveld (45 lopies) en Hanco Swanepoel (24 lopies)

Hoërskool Fichardtpark wen met 6 paaltjies

BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING

As gevolg van leerders wat gematrikuleer het, het daar 3 vakante posisies by die ouerkomponent van die beheerliggaam ontstaan. Die kennisgewing vir die hele proses is reeds versprei. Die verkiesing vind Woensdag, 5 Februarie 2020 plaas.

Lees asseblief die kennisgewing op die d6 noukeurig deur.

GR. 12-OUERVERGADERING

Hierdie is 'n verpligte vergadering vir alle gr.12-ouers en -leerders

Datum: 30 Januarie

Tyd: 18:00

Plek: Skoolsaal

FIETSWEDREN

Baie sterkte aan die Hokkie wat die fietswedren aanbied. Ons weet dat dit 'n groot sukses sal wees.

VERBRUIKERSTUDIES OLIMPIADE

Hoërskool Fichardtpark het tydens die Nasionale Verbruikerstudies Olimpiade in 2019 uitgeblink en 7 leerders van ons skool het onder die TOP 100 in Suid-Afrika geëindig.

2de - Margie Botha

8ste - Daniëlle Perkins

10de - Lomari Burger

12de - Johan Steyn

15de - Ludré-Ann Matthee

18de - Celeste Fourie en Monique Mouton

Hartlik geluk, ons skool is trots op julle.

SKOLE KOOK

Hoërskool Fichardtpark se kosreis saam met Skole Kook vir Via (kanaal 147) het reeds in Julie 2019 begin. Twee-en-twintig skole het mekaar die stryd aangesê in die reeks. Vier Verbruikerstudies Graad 11 leerders het ons skool verteenwoordig in Episode 9: Monique Mouton, Megan Karsten, Dané Scholtz en Daniëlle van Schalkwyk. Die wenspan van die episode (Monique Mouton en Megan Karsten) het deurgedring na die semi-finaal waar hulle te staan gekom het teen nog ses ander spanne van regoor Suid-Afrika. Na 'n spannende semi-finaal het ons skool deurgedring na die finaal waar ons die enigste Verbruikerstudies skool in die land was wat moes kompeteer teen drie Gasvryheidsskole, naamlik CBC Mount Edmund van Pretoria, HTS Drostyd van Worcester en Hoërskool Reitz. In die finaal het ons skool die vierde plek behaal. 'n Heruitsending van die reeks vind tans plaas op Saterdag om 9:30 (Via, kanaal 147).

'n Skole Kookboek gaan binnekort verskyn wat dan as 'n fondsinsamelingsprojek deur al die deelnemende skole geloods gaan word.

Hierdie vier leerders was ware ambassadeurs vir ons skool. Julle is ons trots!

FICHIE-GROETE